# 2023 Belastingseisoen vir Individue en Trusts

**Tshwane, 23 Junie 2023** – In lyn met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) se strategiese oogmerk om dit maklik en eenvoudig vir belastingpligtiges te maak om hul wetlike verpligtinge na te kom, kan individue en trusts (voorlopige en nievoorlopige belastingpligtiges) hul inkomstebelastingopgawes op Vrydag 7 Julie 2023 **na 20:00** begin indien.

SARS-kommissaris mnr. Edward Kieswetter het gesê: “Die betydse indiening van akkurate persoonlike inkomstebelastingopgawes is belangrik vir ‘n vaartbelyne belastingseisoen. Belastingpligtiges moet hierdie jaar oor hulle **eie belastingsake beheer neem** om te verseker dat hulle van hul verpligtinge bewus is en nakomend bly.”

“SARS verskaf voortdurend instaatstellende tegnologie, deur uitgebreide gebruik van data, versterk deur masjien-aangeleerdheid, algoritmes en kunsmatige intelligensie. Ons maak ook voortdurend vordering met verskeie aspekte van aanlyn- en in-persoonsbelastingpligtigedienste deur ‘n belegging in ons mense. Hierdie instaatstellende en diensleweringverbeteringe is bedoel om te verseker dat dit nie nodig is om takke te besoek en in lang toue daar te staan nie”, het mnr. Kieswetter gesê.

As gevolg van hierdie instaatstellende diensleweringverbeteringe:

**OUTO-AANSLAE**

1. SARS sal vanaf Vrydag 30 Junie 2023, per SMS, direk met uitgewysde belastingpligtiges kommunikeer om hulle van hul outo-aanslag in kennis te stel.

2. Belastingpligtiges kan toegang tot die outo-aanslag deur enige van SARS se kanale, soos die SARS MobiApp of SARS eFiling, verkry om die outo-aanslag na te gaan en te verifieer of die inligting, wat tot die outo-aanslag gelei het, volledig en akkuraat is.

3. ‘n Belastingpligtige, wat vir outo-aanslag uitgewys is, kan kies om die aanslaguitslag sonder aanpassing te aanvaar, of, indien sodanig geregverdig, kies om die verklaring aan te pas en oor in te dien saam met die nodige stawende dokumente.

o **Belastingpligtiges wat die aanslaguitslag aanvaar** sonder enige aanpassings, en vir ‘n terugbetaling kwalifiseer, sal dit binne 72 uur na die kennisgewing direk in hul bankrekening ontvang;

o **Belastingpligtiges wat ‘n aangepaste verklaring indien,** sal op die basis van hul herindiening aangeslaan word. ‘n Hersiene aanslag kan, soos hieronder uiteengesit, uitgereik word. Indien geld aan SARS verskuldig is, moet dit deur SARS se bankrekening, eFiling of die MobiApp teen die gestipuleerde datum betaal word.

4. Indien ‘n belastingpligtige met die outo-aanslag tevrede is, hoef hul niks verder te doen nie en die proses eindig op hierdie stadium.

5. SARS vra belastingpligtiges, wat vir outo-aanslag uitgewys is, om geduldig te wees en om **nie enige van ons takke te besoek** of **die kontaksentrum te skakel** met navrae oor vordering nie. SARS sal pro-aktief en voortdurend met sodanige belastingpligtiges kommunikeer.

**INDIENING VAN ‘N OPGAWE**

Alle belastingpligtiges wat ‘n aangepaste opgawe indien, of ‘n opgawe op die normale manier indien, kan sodanige opgawe, tesame met enige stawende of bykomende inligting, deur SARS se eFiling-platform indien. SARS sal vir belastingpligtiges, uit die outo-aanslaggroep, die opgawe prosesseer en ‘n hersiene aanslag uitreik wat ‘n ander finansiële verpligting, bv. verminderde terugbetaling, verhoogde terugbetaling of betaling aan SARS verskuldig, tot gevolg mag hê. Alle ander belastingpligtiges sal ‘n aanslag ontvang.

Sou belastingpligtiges moeilikhede met die indiening van hul opgawes deur eFiling of die SARS MobiApp ervaar, moet hulle eers ‘n afspraak maak voordat hulle ‘n tak besoek.

**Verdere helderheid word ook verskaf oor ‘n aantal aspekte:**

**Besware en appèlle:** Indien ‘n belastingpligtige nie met die hersiene aanslag saamstem nie, kan hulle ‘n beswaar aanhangig maak deur die normale SARS-beswaarproses.

**Nievoorlopige belastingpligtiges**: Nievoorlopige belastingpligtiges wat nie ‘n outo-aanslag ontvang het nie en wat vereis is om ‘n opgawe in te dien, kan dit vanaf 7 Julie 2023 **na 20:00** tot 23 Oktober 2023 doen.

Indien alle inligting in die opgawe vir die huidige jaar en akkuraat is, sal die transaksie nie meer as 10 sekondes neem nie. SARS verwelkom pogings deur belastingpligtiges om hul belastingsake se status as nakomend te laat vertoon. SARS sal poog om belastingpligtiges wat vorige jare se uitstaande opgawes indien spoedig te hanteer, en vra vir hulle geduld en verstandhouding hiermee.

**Voorlopige belastingpligtiges en trusts** kan hul opgawes vanaf 7 Julie 2023 **na 20:00** tot 23 Januarie 2024 indien.

**Belastingpligtiges, wat nie vir outo-aanslag uitgewys is nie, word versoek om te wag** vir die e-pos en SMS en om nie SARS-takke te besoek tydens die week voor 7 Julie 2023 nie.

Mnr. Kieswetter het gesê dat die bekendstelling van outo-aanslae, een van menige indieningsverbeteringe is wat testament tot SARS se toegewydheid is om ‘n slim, moderne organisasie met onbetwisbare integriteit te bou, wat deur almal vertrou en bewonder word. Met die lewering van so ‘n belangrike diens help SARS om ‘n bekwame staat te bou vir die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van ons land en sy mense – die hoër doelwit van SARS.

Belangrik so, het die gebruik van tegnologie en data SARS se vermoë om sy hulpbronne, om gevalle van nienakoming op te spoor, verfyn en verbeter. Belastingpligtiges moenie hul uitgawes oordryf en hul inkomste onderverklaar om ontoelaatbare terugbetalings te ontvang nie, omdat dit die belastingpligtige aan potensiële bedrog kan skuldig maak.

SARS sal dit vir belastingpligtiges wat met opset probeer om ontoelaatbare uitgawes te eis of hul inkomste onderverklaar duur en moeilik maak deur heftige boetes te hef. Daarby sal daar administratiewe nienakomingsboetes wees vir belastingpligtiges wat nie die sperdatums van hierdie jaar se belastingseisoen nakom nie.

SARS sal hierdie jaar belastingpligtiges, wat nie met die outo-aanslaguitslag saamstem nie, tot die normale belastingseisoensperdatum van 23 Oktober 2023 toelaat om ‘n hersiene opgawe in te dien. Dit is ‘n verandering teenoor die 40 dae wat verlede jaar toegelaat is.

SARS het met verskeie verenigings, insluitend erkende beherende liggame, skakeling gehad om die stelsel te verfyn. Dit word gedoen in beaaming dat SARS saam en deur vennote werk om te verseker

dat belastingpligtiges in staat is om hul wetlike verpligtinge op die mees doeltreffende manier kan nakom.

SARS bedank werkgewers en derdepartydataverskaffers wat hul sperdatum van 31 Mei 2023 nagekom het. Hierdie stap sal werknemers help om 'n vaartbelyne en maklike transaksie met SARS te hê. Die werkgewers en derdepartye wat nienakomend is, maak dit vir hulle werknemers uitdagend en sal vervolg word vir wetsoortreding.

**AFSPRAKE BY TAKKE**

Belastingpligtiges wat 'n SARS-tak wil besoek, moet eers 'n afspraak maak. Hulle kan so maak deur:

- 'n SMS te stuur aan 47277 (iSARS) met die word "booking", (spasie) ID-/paspoortnommer.
- *134*7277# tolvry vanaf hul selfoon te skakel en die eBooking-opsie te kies.
- Na die SARS-webtuiste te gaan en op die "Book an Appointment"-ikoon te klik. Voltooi die aanlynvorm.

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za

#FilingSeason2023 #YourTaxMatters – www.sars.gov.za

**#YourTaxMatters**

**EINDE**